AKTE VAN OPSKORTING met die **Kerkverband: die Ring van Knysna, Sinode van die Wes-Kaapland** en die **Algemene Sinode** van die **Nederduitse Gereformeerde kerk.**

Aangesien die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield (**sien nota1**) onwrikbaar staan by die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God en in *Johannes 8:36 sê Jesus "Eers as die Seun julle vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees". Ook ons lidmaatbelofte tydens Openbare Geloofsbelydenis, leraars se eed by ondertekening van die plegtige Legitimasie Verklaring, en ampsbeloftes tydens bevestiging in die besondere ampte (diaken, ouderling en bedienaar van die Woord) bevestig ons ware vryheid in Christus. Ons weier dus om weer slawe te word van dwaalleer en kerklike hiërargie.*
Die Nederlandse Geloofsbelydenis roep ons in Artikel 28 en 29 op om te onderskei tussen die ware en die valse kerk.
Daarom kies ons in gehoorsaamheid aan God in die lig van Sy Woord en aan die hand van ons belydenisskrifte

- *vryheid bo slawerny;*
- *getrouheid aan die Woord bo sinodale besluite;*
- *reformasie bo vrees vir vervolging;*
- *eenheid in waarheid bo eenheid in 'n ruim huis van 'n valse diversiteit;*
- *om eerder te breek met ontroue kerkvergaderings as om te breek met die gesonde leer.*

Die implikasies van hierdie keuse is dat ons as lidmate, ampsdraers en mindere kerkvergaderinge ons in woord en daad distansieer van die Algemene Sinode en ander kerkvergaderings wat nie meer die merktekens van die ware kerk van Christus genoegsaam vertoon nie, wat die gesag van die Woord van God ondermyn, van die gereformeerde leer afgewyk het, in kerklike wanorde verval het, wêreldgelykvormig geword het, die uniekheid van die evangelieboodskap nie meer handhaaf nie en die Christelike huwelik gerelativeer het. Verder verwerp ons die besluite van die Algemene Sinode en ander kerkvergaderings wat hieruit voortvloei en ag hierdie besluite nie as bindend nie, omrede die besware daarteen ingedien nie na behore aangehoor en oorweeg is nie, maar by herhaling met minagting hanteer is.
Ons kan nie meer deel wees van 'n bestel waar die Woord van God nie meer suiwer verkondig word, die sakramente in vele opsigte ontheilig word en die kerklike tug nie na behore beoefen word nie.

In die lig van bogenoemde SKORT ons hiermee nou alle bande met die Algemene Sinode en ander kerkvergaderings wat in hul spore volg, op. Ons distansieer ons ook van al die teologiese

opleidingsentra wat tans predikante vir die NG kerk oplei aangesien bogenoemde afvalligheid ook daar aan die orde is en heers.
Ons behou egter steeds ons verband, met die kerkvergaderings wat getrou is aan ons lidmaat-, legitimasie- en ampsbeloftes en wat hul openlik distansieer van die dwalinge van die Algemene Sinode en die teologiese fakulteite.

Om duidelik onderskei te word van diegene wat hulself ten onregte "NG kerk" noem, sal ons geregistreerde naam "NG Kerk" bly soos dit is, maar in die volksmond sal ons 'n alternatiewe benaming wees: ***Behoudende NG gemeente Karatara en Sedgefield*** *.*

Tans is daar duisende behoudende lidmate wat baie gefrustreerd in liberale gemeentes sit. Ons sal poog om vir sulke lidmate ook geleenthede te bied om, ongeag waar hulle woon, hul lidmaatskap te kan oorplaas na 'n ***behoudende*** *gemeente soos die* ***Behoudende NG gemeente Karatara en Sedgefield.***
Verder sien ons uit na alternatiewe *Teologiese opleiding vir predikante en 'n alternatiewe kuratorium wat getrou aan ons belydenisgrondslag en ons unieke NG-identiteit as gereformeerde kerk, toesig kan hou oor teologiese opleiding.*
Derhalwe roep ons ook alle NG lidmate op om saam met ons 'n duidelike geloofskeuse te maak. Elke lidmaat sal, soos ons belydenis sê, die identiteit van die ware en valse kerk moet onderskei en dan besluit waar hulle die Here wil dien.

Besluit (met insluiting van Addendum) is geneem by die Algemene kerkraadsvergadering gehou op 11 Maart 2024

Geteken:

Leraar:	Ds Marius Coetzee	_____
Algemene Kerkraad voorsitter:	Br N Basson	_____
Skriba:	Sr C Basson	_____

Nota1 : Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield is die versamelnaam van die regs entiteit: Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara

Addendum:

Opsommend besluit die kerkraad die volgende:

1. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield gaan oor tot 'n volgende stap van dolering, nadat die aanvanklike doel van dolering by wyse van 'n verklaring en die weerhouding van sinodale bydraes, naamlik om die NG Kerkverband op te roep om terug te keer na die Sola Scriptura-beginsel, na 4 (vier) hartseer jare nie op die berou en bekering van die Algemene Sinode uitgeloop het nie.

2. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield, synde 'n regspersoon uit eie reg en volledig kerk, skort met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, seggenskap oor eiendom, finansies, werksaamhede, diensverhoudinge, ampsbevoegdheid en lidmaatskap van enige fondse en organisasie, die verband met die Ring van Knysna, die Sinode van Wes- Kaapland asook die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op, omdat so 'n stap voor God en in die lig van Sy Woord regverdig kan word.

   Dit moet egter beklemtoon word dat die opskorting nie die huidige oorkoepelende administratiewe funksie van Ampsdraers se indiensneming regte, soos onder andere; Pensioenfonds en Mediese fonds, negatief sal beïnvloed nie. Indien daar enige verskuilde negatiewe effekte is moet die Sinodale administratiewe kantoor dit op skrif aan die Karatara en Sedgefield Algemene Kerkraad voorgehou word. (Dit moet bevestig word via Sinodale administratiewe bestuurders, waar van toepassing).

3. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield is nie van voorneme om ná opskorting van die Kerkverband (vergelyk punt 2) as 'n onafhanklike en onverbonde gemeente te bly voortbestaan nie en sal soos dit 'n Gereformeerde Kerk betaam, bly soek na gemeentes met wie daar op dieselfde grondslag wat leer en lewe betref, in samewerkingsooreenkomste kan tree. Die gemeente het reeds bande met Kononia Sinode wat ons beplan om verder te ontwikkel en te onderhou.

4. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield behou die dienste van die leraar en ander besoldigde amptenare. Die Kerkraad of sy gevolmagtigde sal vanaf die datum van opskorting van die Kerkverband uitsluitlik die diensverhoudinge in die gemeente bestuur oor tug en dissipline (ook wat die amptenare betref) beslis.

5. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield se opskorting van die Kerkverband (vergelyk punt 2)) verander nie aan die lidmaatskap van die gemeente en die uitoefen-ing van enige lidmaatskapregte nie. Dit sal enige lidmaat vrystaan om van gemeente te verander indien so 'n lidmaat aan 'n gemeente wil behoort wat steeds in verband met die Ring van Knysna, die Sinode van Wes-Kaapland en die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan. Ingelyks verander die ampsposisie, ampsverpligtinge en ampsvoorregte in die Gemeente op geen wyse nie.

6. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield se besluit tot opskorting van die Kerkverband (vergelyk punt 2) is geneem op die kerkraadsvergadering van **13 November 2023**, en daarna is dit vir twee agtereenvolgende weke (Sondag 19 November 2023 en Sondag 26 November 2023) aan die gemeente voorgehou vir approbasie. Daar was slegs deur 'n enkel lidmaat 'n dubbelsinnige skrywe ingehandig by die kerkkantoor. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield se opskorting van NG Kerkverband (vergelyk punt 2) is dus vanaf **11 Maart 2024** van krag.

7. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield neem hierdie besluit in biddende afhanklikheid van en in onvoorwaardelike gehoorsaamheid teenoor die Here van die kerk.

8. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Karatara en Sedgefield aanvaar dat die opskorting proses 'n dinamiese proses is wat heel moontlik administratiewe en regstegniese aanpassings sal verg, soos wat tyd verloop sal meer duidelikheid, oor gesentraliseerde Sinodale administratiewe funksies en prosesse, verkry word. Die Koinonia Sinode se spesialis insette sal hier van kardinale belang wees vir 'n goed deurdagte en biddende besluitnemings proses, veral tov die administratiewe en regstegniese aspekte.

9. Akte van opskorting se tyds-aspek: "Termyn van opskorting"

   Opskorting is per definisie tydelik van aard. Opskorting veronderstel altyd 'n tussentydse maatreël wat noodwending moet uitloop op versoening en herstel van die gebroke verhouding, of anders op 'n onafwendbare breuk en finale skeiding. Aangesien eersgenoemde slegs moontlik is as ons een is in die waarheid van die Woord en belydenis, sal die eindpunt van hierdie opskorting bepaal word deur die partye se gewilligheid of onwilligheid om te buig voor die gesag van die Woord. Elke kerk-raad besluit soos hulle gelei word, self biddend oor die termyn en uitkoms van hul opskorting.